

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Twaza (265/84) [1984] ZASCA 147 (28 November 1984) [1984] ZASCA 147

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Joubert, Cillié, Botha, Van Heerden, Galgut

CASE / FILE NUMBER

265/84

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

Saaknommer: 265/84WHN

MICHAEL TWAZA Appellant

en

DIESTAAT Respondent

JOUBERT, AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÉLAFDELING

In die saak tussen:

MICHAEL TWAZA Appellant

DIE STAAT Respondent

CORAM: JOUBERT, CILLIÉ, BOTHA, VAN HEERDEN ARR.

et GALGUT Wn. AR.

Verhoor: 23 November 1984

Gelewer: 28 November 1984

UITSPRAAK

/Die

2

Die appellant, 'n jong Swartman, is as

beskuldigde 7 saam met ses Kleurlingmans in die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling voor 'n hof bestaande uit WILLIAMSON R. en twee assessore aangekla van twee moorde. Die eerste aanklag is dat hulle op Saterdag 28 Augustus 1982 die oorledene Willem Jacobs op die plaas Tierstel, Rawsonville in die distrik Worcester, vermoor het. Die tweede aanklag is dat hulle op dieselfde datum die oorledene Jan Davids op die plaas Groot Eiland, Rawsonville in die distrik Worcester, vermoor het. Die twee oorledenes is twee baie jong Kleurlingmans. Aanklagte 3 en 4 het nie op die appellant betrekking nie. Al die beskuldigdes /het3het op die twee aanklagte van moord onskuldig gepleit. Hulle is verhoor. Al die beskuldigdes is op beide aanklagte van moord skuldig bevind, aan moord sonder versagtende omstandighede en gevolglik is die verpligte doodvonnis ten opsigte van beide aanklagte opgelê. Die verhoorregter het die appellant se aansoek om verlof om te appelleer teen die doodvonnisse afgewys. Met die nodige verlof kom die appellant tans in hoër beroep na hierdie Hof teen die opgelegde doodvonnisse. Dit was gemene saak dat al die beskuldigdes lede van 'n bende bekend as die Cape Town Scorpions is terwyl die twee oorledenes lede van die Born Free Kids - bende was. Hierdie twee bendes was vyandig gesind /teenoor4teenoor mekaar. Van tyd tot tyd baklei hul lede met mekaar. Saterdagmiddag 28 Augustus 1982 het daar op die plaas Tierstel 'n botsing plaasgevind tussen

lede van hierdie twee bendes wat mekaar gej.aag het.

Sommige van die beskuldigdes en die twee oorledenes was daarby betrokke. Daardie aand is die oorledene Willem Jacobs op die plaas Tierstel vermoor. Volgens die mediese getuienis was die oorsaak van dood hoofbeserings wat hy opgedoen het. Daarna is die oorledene Jan Davids op die aangrensende plaas Groot Eiland in die aanwesigheid van sy houvrou Theresa Pietersen in 'n kamer aangeval deur beskuldigdes 1, 2 en 3 terwyl die elektriese lig gebrand het. Beskuldigde 1 het 'n /kierie4akierie gehad terwyl beskuldigde 2 'n graaf en beskuldigde 3 'n skaapskêr gehad het. Daar het ook ander aanvallers die vertrek binneCgekom maar Theresa Pietersen het hulle nie geken nie. Die oorledene het na buite gevlug. Sy lyk is later daardie nag in die veld gevind. Volgens die mediese getuienis was die oorsaak van dood hoofbeserings wat hy opgedoen het Die grondslag van die appellant se verweer was 'n alibi. Hy het getuig dat hy die betrokke aand gedans het, dat hy die ander beskuldigdes nie ken nie en dat hy geen kennis dra van die twee moorde nie.

Die enigste wyse hoe die Staat die appellant met die pleging van die twee moorde verbind het, was /deur5deur middel van 'n pleitverduideliking. Op 14 September 1982 het al die beskuldigdes voor 'n landdros verskyn om in terme van artikel 119 van die Strafproseswet 51 van 1977 ("die Wet") te pleit op twee hoofklagtes van moord ten aansien van die oorledenes Willem Jacobs en

Jan Davids asook twee alternatiewe klagtes van strafbare manslag. Die appellant het onskuldig gepleit op die twee hoofklagtes en hom op sy swygreg beroep. Op die twee alternatiewe klagtes van strafbare manslag het die appellant skuldig gepleit. Ingevolge artikel 121(1) van die Wet het die landdros die appellant toe in terme van artikel 112(1)(b) ondervra met behulp van 'n tolk aangesien die appellant Xhosa gepraat het. Volgens /Bewysstuk

6

Bewysstuk "L" het die ondervraging soos volg geskied: "Ten opsigte van besk. 7:

V. Verstaan jy die twee alt. aanklagtes teen jou ? A. Ja.

V. Erken jy die bewerings daarin vervat ? A. Ja. Ek was saam met die ander toe ons na Willem Jacobs gaan. Hy het weggehard-loop. Ons vang hom toe en begin homaanrand. Ek het hom met 'n kerie tweekeer geslaan by sy maag. Die ander hethom met ander wapens aangerand.

V. Het jy ook vir Jan Davids aangerand ?

A. Ja. Toe ons klaar is met Willem Jacobs, toe gaan ons na Jan Davids se huis. Hyhet weggehardloop en ons het hom gevang. Ons het hom ook begin aanrand. Ek hethom met 'n mes gestee, een keer in syarm. Die ander het hom ook aangerand.

V. Was dit vir jou nodig om enige van hierdiewe persone aan te rand ?

A. Nee. Hulle het ons vroeër gejaag. Onskom toe bymekaar en gaan na hulle. Onshet wapens saamgeneem.

/V. ...

7

V. Erken jy dat die twee persone dood is as gevolg van die aanrandings ? A. Ja.

V. Het jy besef dat jy verkeerd doen. A. Ja, ek het geweet ons doen verkeerd. "

Die verhoorhof het op 26 Augustus 1983 bevind dat al die beskuldigdes leuenars was, dat die beskuldigdes die betrokke aangelegte het soos "a war party or assassination squad which was out to hunt down the two victims", dat hulle met 'n gemeenskaplike doel assulks aangelegte het, dat hulle die twee vermelde oordeel=nes met dolus directus gedood het en dat hulle almal

skuldig was aan die twee moorde vermeld in aanklagte 1

se verslae 2. Daar is toe besluit om proefbeamptes se verslae te bekom

ten aansien van beskuldigdes 1, 2, 4 en 7 wat redelik

/jonk

8

jonk was ten tyde van die pleging van die twee moorde.

Ek mag hier meld dat die klagstaat voor die verhoorhof

geen vermelding van die beskuldigdes se ouderdomme

gemaak het nie. Die klagstaat wat egter gebruik is

vir doeleindes van die pleitverrigtinge voor die land=

dros het die appellant se ouderdom as 19 jaar vermeld

(Band 4 bl.456). Ten tyde van die verhoor in die

verhoorhof het die appellant in sy hoofgetuieis beweer

dat hy 21 jaar oud is (Band 3 bl. 376). Op 'n vraag

van 'n assessorlid wanneer hy 21 jaar oud geword het,

het die appellant geantwoord: "Desember verlede jaar",

d.w.s. Desember 1982. Die ondervraging het verder

soos volg verloop:

/"Desember

9

Desember, watter dag in Desember ? - - - Die

21ste.

Toe was hy 21, dit wil sê hy is in

1961 gebore ? - - - Ek is in 1959 gebore.

In 1959 gebore op die 21ste Desember ? - - - Ja."Ten einde die proefbeampteverslae te bekom, is dieverhoor na 18 Oktober 1983 uitgestel.Op 1 Desember 1983 is die verhoor hervat indie verhoorhof. 'n Proefbeampteverslag (Bewysstuk "W")ten aansien van die appellant is ingehandig. In dieproefbeampteverslag word die geboortedatum van dieappellant o.a. as 21.10.1967 aangegee. Daar was geengeboortesertifikaat voorhande om dit te staaf nie.Die aanklaer wou hierdie geboortedatum nie aanvaar nie.Op versoek van die aanklaer (Mnr Gerber) en die

/appellant

10

appellant se advokaat (Mnr McKenzie) het die verhoor= regter 'n bevel uitgereik dat die appellant deur 'n distriksgeneesheer ondersoek moes word. (Band 4 bl 397) . Die verhoorhof het toe die tweede fase van die verhoor met betrekking tot die aangeleentheid van versagende omstandighede voortgesit. Die verhoor= regter het dit op 'n stadium onderbreek om te verneem wanneer die distriksgeneesheer die appellant sou ondersoek. Hy het daarop gewys dat dit 'n deeglike en versigtige ondersoek moes wees. Hierop het die aanklaer gevra of die distriksgeneesheer X-straalplate moes neem. Die antwoord van die verhoorregter was daarop soos volg:

/„Wel

11

"Wel as hy dit nodig ag moet hy dit doen, maar sê vir hom dit is belangrik, hy moet baie versigtig wees. Ek sal verdaag tothalf-twaalf toe."

Kort na die verdagting het die aanklaer die volgendeaankondiging gemaak:

"U Edele, Dr Coetzee het reeds beskuldigde

no 7 ondersoek en na sy mening is dit nienodig om X-straalplate te neem nie. Hy is nou reeds in staat om te kan getuig oor syouderdom."

Die aanklaer het toe die distriksgeneesheer, dr Coetzee, geroep om te getuig. Die distriksgeneesheer het getuig dat dit uit sy ondersoek blyk dat al vier verstandtandevan die appellant ten volle geruptuur het d.w.s. bokant die tandvleis ten volle uitgekom het. Die vier verstand=tande ruptuur nie gelyk nie. Dit neem 'n paar maande

/voordat ...

12

voordat hulle ten volle geruptuur het. Volgens hom begin verstandtande gewoonlik te ruptuur vanaf die ouderdom van 1H jaar en ouer. Onder kruisondervraging het hy toegegee dat die laaste ruptuur van verstand=tande soms op 30, 40 jarige leeftyd kan plaasvind of selfs glad nie. Hy het die ouderdom van die appellant volgens verstandtande wat reeds geruptuur het asook volgens die ontwikkeling van sy genitalieë, sy hare en sy algemene voorkoms op plus-minus 19, 20 jaar geskat. Op 'n vraag van die verhoorregter het hy gesê dat die appellant nie ouer as 20 jaar is nie. Op vrae van die verhoorregter oor X-straalplate het hy soos volg getuig:

"Sal

13

„Sal X-straalplate nie help eintlik nie ? - - Edlagbare, X-straalplate, daar is geen Suid-Afrikaanse standaard wat jy volgens die X-straalplate kan gaan nie, alleen Amerikaanse standaard. 'n Mens kan X-straleneem van die polsgewrig om die (onduidelik) van die langbene of die handbene se vorming te bestudeer, maar ek dink in hierdie geval volgens die tande is dit nie nodig nie, maar 'n mens kan dit doen om

U sien geen voordeel daarin nie ? - - Ek sien geen noodsaaklikheid dat dit gedoen moet word nie.
"

Die hele strekking van die distriksgeneesheer se getuie is dui daarop dat hy geroep was om te getuig wat na sy skatting die ouderdom van die appellant was toe hy hom die oggend van 1 Desember 1983 ondersoek het. Dit blyk nie dat hy daarvan bewus was dat die verhoor-

hof se taak was om die appellant se ouderdom op 28

/Augustus

14

Augustus 1982 te bepaal nie en. in besonder of die appellant toe onder of bo 18 jarige leeftyd was. Dit verklaar na my mening waarom hy ten aansien van die verkryging van X-straalplate getuig het , "maar ek dink nie in hierdie geval volgens die tande is dit nodig nie". Dit is waarom hy geen noodsaaklikheid gesien het om X-straalplate van die appellant te verkry nie. Dit is baie jammer dat die verhoorregter deur die stel van 'n vraag sy getuienis oor die verkryging van X-straal=plate onderbreek het.

Dit is baie jammer dat die verhoorregter deur die stel van 'n vraag sy getuienis oor die verkryging van X-straal=plate onderbreek het. Die verhoorhof het vir 'n onverklaarbare rede besluit am die . appellant te roep ani oor sy ouderdom te getuig. Die appellant het sy ouers in die Transkei agtergelaat ora in die

/Kaap

15

Kaap as arbeider te kom werk. Hy kon nie enige ligop sy ouderdom werp nie. Tydens die ondervraging van die appellant deur die verhoorregter is die volgende aan hom gestel:

"En jy het so baie leuens in hierdie saak vertel, jy weet dit self ? - - - Dit onthou ek nie u Edele. Dit onthou ek nie."

Dit was nie alleen uiters ongewens nie maar ook volkome misplaas om op daardie stadium van die verrigtinge die appellant te verwyt dat hy 'n leuenaar is. Want op daardie stadium van die verrigtinge het die verhoorhof nog nie eens 'n spesifieke bevinding gemaak of die appellant onder 18 jarige leeftyd was of reeds 18 jarige leeftyd bereik het toe die twee moorde op

/28 Augustus

16

28 Augustus 1982 gepleeg is nie. Indien die appellant toe onder 18jarige leeftyd was, sou die verhoorhof 'n statutêre diskresie hê ingevolge artikel 277 {2) van die Wet om 'n ander vonnis as die doodstraf op te lê. Die appellant sou ter strafversagting kon getuig. indien die appellant toe 18 jaar oud was, sou die vraag ten aansien van versagtende omstandighede ontstaan en sou die appellant ten opsigte daarvan kon getuig. Blykbaar het die verhoorregter nie hiermee rekening gehou toe hy die appellant verwyt het dat hy 'n leuenaar is nie.

Dit was eers op 2 Desember 1983 in sy uit=
spraak oor versagtende omstandighede dat die
/verhoorregter

17

verhoorregter self 'n skatting van die appellant se ouderdom gemaak het nadat hy na die getuienis van die distriksgeneesheer verwys het:

„I have looked at the accused very carefully, and he is certainly a strapping, well built young man. He seems to me very much more a young man than a big and well developed boy. It is of course extremely difficult to assess age with any degree of accuracy and it is true that some people develop sooner than others, I have considered all the information laid before me and have myself tried my best to assess the accused's age. He is by no means a boy and I am sure that he is at least 20 years of age. By virtue of the powers conferred upon me by Section 337 of the Criminal Procedure Act No 51 of 1977, I estimate the accused's age at this point of time to be 20 years. This means that at the time of the crime he was 18 years and 9 months."

/Die

18 Die verhoorregter het artikel 337 van die Wet aangewend om op 2 Desember 1983 die ouderdom van die appellant op 20 jaar te skat. Hierdie artikel kan in elk geval alleen aangewend word wanneer daar geen of onvoldoende getuienis omtrent ouderdom beskikbaar is. In die onderhawige geval het die verhoorregter nie die distriksgeneesheer se getuienis oor die ouderdom

dom as onvoldoende bevind nie. Die verhoorregter

kon net sowel die distriksgeneesheer se minimum van 19

jaar geneem het in welke geval die appellant 17 jaaren 9 maande oud sou gewees het ten tyde van die pleging van die twee moorde. In die onderhawige geval is dit

duidelik dat die appellant 'n grensgeval is en waar

/sy

19

sy lewe by skuldigbevinding aan die twee moorde op die

spel is, was dit regtens die plig van die verhoorhof

om by afwesigheid van 'n geboortesertifikaat of ander

bevredigende getuienis oor sy ouderdom laasgenoemde

noukeurig vas te stel aan die hand van 'n behoorlike

mediese ondersoek wat uit 'n kombinasie van die verstand=

tande-toets sowel as die X-straleplate-toets bestaan

Sien S v. Ngoma [1984] ZASCA 59; 1984 (3) SA 666 (A) op bl. 672 F-G

Die verhoorhof het egter versuim om die X-straalplate-

toets te laat toepas en dit het derhalwe onreëlmatig

opgetree. Dit volg dat die oplegging van die twee

doodvonnisse tersyde gestel moet word.

/Die

20

Die vraag wat nou ontstaan, is of die saak na

die verhoorhof terugverwys moet word om die appellant

se ouderdom vas te stel en dan opnuut vonnis op te lê.

In die onderhawige geval is die probleem dat daar

nou reeds bykans 'n jaar verloop het sedert 2 Desember

1983. Teen die tyd wanneer die saak voor die verhoor=

hof gedurende 1985 kan dien, bestaan die moontlikheid

dat dit dan futiel mag wees om die verstandtande-toets en die X-straalplate-toets aan te wend - veral in die lig van die waarskynlikheid dat die appellant dan nie meer 'n adolessent is nie. Met inagneming van al hierdie oorwegings kom dit vir my in die omstandighede van hierdie geval gerade voor om nie die saak na die /verhoorhof

21

verhoorhof terug te verwys nie sodat hierdie Hof die saak moet benader op die basis dat die appellant ten tyde van die pleging van die twee moorde onder 18 jarige leeftyd was. Hierdie Hof moet derhalwe die statutêre diskresie uitoefen om die doodvonnisse of ander vonnisse optelê. Al die relevante feite is voor hierdie Hof vir die uitoefening van die statutêre diskresie sowel as vir strafoplegging. Mnr Gerber het namens die Staat tereg, na my mening, toegegee dat indien hierdie Hof die oplegging van die twee doodvonnisse tersyde stel weens die onreëlmatigheid van die verhoorhof by die vasstelling van die appellant se ouderdom die saak nie na die verhoorhof /terugverwys

22

terugverwys moet word nie maar dat hierdie Hof dit self moet afhandel op die basis dat die appellant onder 18 jarige leeftyd was ten tyde van die pleging van die twee moorde.

In die onderhawige geval het 'n mens te doen

met twee afskuwelike en grusame moorde waarby twee mededingende jeugbendes betrokke was. Die motief was wraakneming deur die beskuldigdes as n groep van 'n bende. Daar is egter geen getuienis dat die appellant se aandeel in die aanrandings op die twee oorledenes fisies meer was as wat hy in sy pleitverduideliking vermeld het nie. Sodanige aandeel het 'n sekondêre rol gespeel wat geensins bygedra het tot die oorsaak /van

23

van die dood van die twee oorledenes nie. Ditis ook 'n aanduiding dat die appellant nie uít inherenteboosheid opgetree het nie. Die appellant was niealleen 'n jeugdige nie maar hy was ook die jongste onderdie beskuldigdes. Daar is geen getuienis dat hy 'n leidende rol onder hulle gespeel het nie. Hy is 'nongesofistikeerde plaasarbeider. Daar is geengetuienis of hy 'n skoolopleiding gehad het nie. Hyhet een vorige veroordeling vir die besit van 4 gramdagga waarvoor hy op 21 Julie 1982 7 houe met 'n ligterottang opgelê is. Die appellant is vir rehabilitasievatbaar. Daar moet ook rekening gehou word met diebelange van die gemeenskap en die wenslikheid om

bendebedryghede te bekamp of te ontmoedig.

/In

24

In die lig van al hierdie omstandighede is ek van mening dat die doodvonnisse nie opgelê behoort te word nie en dat 12 jaar gevangenisstraf op beide aanklagte 1 en 2 saamgeneem vir doeleindes van vonnis - soos hierdie Hof bevoeg is om te doen - 'n gepaste vonnis is. Die appèl word gehandhaaf, die aan die appellant opgelegde twee doodvonnisse word tersyde gestel en vervang met 12 jaar gevangenisstraf - beide aanklagte 1 en 2 saamgeneem vir doeleindes van vonnis

C. P. JOUBERT AR.CILLIÉ, AR.)BOTH, AR.)

Stem saam.VAN HEERDEN, AR.)

GALGUT, Wn. AR.)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1984/147.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-twaza-unknown-topic-asca-1984>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria